

# DISSIPELSKAP. LES 19

1	GEBED
---	-------

*Bid* vir die leiding van die Gees van God, vir 'n bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking toe aan die Here.

2	AANBIDDING (20 minute)	[KENMERK VAN GOD] GOD IS MOREEL VOLMAAK
---	------------------------	--

Tema: GOD is moreel volmaak.

Lees die uitleg voor of lê dit in jou eie woorde uit.

**Lees** Deuteronomium 10:17-18; Deuteronomium 16:18-19; Psalm 34:15-16; Jesaja 5:8,11-12,18,20-23

## 1. God is onpartydig.

Jy is “partydig” as jy meer geduld en vriendelikheid bewys aan bepaalde mense; wanneer jy vooroordele teen bepaalde mense koester, wanneer jy onredelike en ongunstige gedagtes oor bepaalde mense het, of wanneer jy bepaalde mense voortrek, bv. die rykes, die mense met mag en die beroemdes.

Jy het 'n “vooroordeel” wanneer jy 'n mening of oordeel oor iemand vorm voordat jy die feite ken, of wanneer jy die feite wat jou mening weerspreek, verontagsaam.

God trek nie die “aansienlike” mense voor nie, maar begunstig ook nie die armes nie (Levitikus 19:15). Hy diskrimineer geensins teen enige mens nie. Hy gaan juis onpartydig om met mense van alle rasse, kulture, sosiale posisies of vermoëns (Handelinge 10:28,34-35).

## 2. God aanvaar geen omkoopgeskenk nie.

Mense wat afgode dien koop dikwels hulle gode en hulle priesters met geskenke om. Psalm 115 waarsku dat mense wat afgode dien uiteindelik soos hulle afgode word. Hulle afgode is korrup en aanvaar omkoopgeskenke. Daarom word die mense wat hulle dien self ook korrup en aanvaar omkoopgeskenke!

God kan nie omgekoopt word nie! Jy kan Hom nie vir jou standpunt wen nie. Jy kan Hom nie omkoop om vir jou 'n guns te bewys deur byvoorbeeld aan Hom via die kerk geld te gee, of deur bepaalde godsdienstige rituele uit te voer, of deur goeie werke te doen nie. Die lewende God kan nie omgekoopt word nie! Die lewende God kan nie gemanipuleer word nie! Die lewende God gaan op sy eie voorwaardes met ons om en nie op ons voorwaardes nie!

## 3. God verdedig die saak van die swakkes.

Daar is mense wat glo in “the survival of de fittest” (die oorlewing van die sterkste) of “might makes right” (mag is reg)! Hulle buit weeskinders uit en onderdruk hulle, asook weduwees, ou mense, enkelopende vrouens en vreemdelinge. Kinderarbeid, kinderslawerny en kindersoldate neem steeds in die moderne wêreld toe. Die rykes word steeds ryker, maar ten koste van die armes wat steeds armer word. Ongeveer nege miljoen mense sterf jaarliks a.g.v. hongersnood en ondervoeding (d.w.s. ongeveer 24000 elke dag)! Maghebbers vergeet die mense van hulle eie volk wat minder middele het en onderdruk dikwels vreemdelinge.

In teenstelling tot die immorele gedrag van onderdrukkers en uitbuiters kom God vir die saak van die swakkes op. Vir die wat nie 'n pa het nie, is Hy 'n Vader. Vir die wat nie 'n man het nie is Hy 'n Beskermer (vgl. Jesaja 54:5). Vir die wat alleen is, is Hy 'n Vriend. Diegene wat 'n drukkie nodig het, neem Hy in sy arms (vgl. Hosea 11:3-4). God sorg veral dat mense kos, klere en 'n dak oor hulle kop het. God sal uiteindelik ook die onderdrukker, uitbouter en afperser straf. God gebruik Christene oral in die wêreld om sy voete te wees wat na die verdruktes toe gaan. Hy gebruik hulle as sy hande om te gee en te help. En Hy gebruik hulle as sy mond om woorde van troos en bemoediging te spreek tot die behoeftiges. Op die laaste oordeelsdag sal Hy alle onderdrukkers en uitbuiters straf.

## 4. God het vaste norme en waardes (standaarde).

God het 'n morele en geestelike sisteem van waardes wat absoluut en onveranderlik bly. God is altyd heilig, d.w.s. *afgeskei* van wat verkeerd, sleg, onregverdig, onheilig en goddeloos is én *toegewy* aan wat reg, goed, regverdig, heilig en goddelik is. Sy morele sisteem is nooit relatief of veranderlik nie, nooit afhanklik van omstandighede of die tyd waarin mense leef nie. God se morele waardes is altyd absoluut! Al God se woorde bedoel presies wat hulle sê (vgl. Numeri 23:19). Hy wil hê dat mense Hom baie goed moet begryp. God se waardesisteem, uitgedruk in wat Hy gebied en verbied, is in alle kulture en deur die hele wêreldgeskiedenis heen vasgelê. Sy waardesisteem is dus die vaste punt tussen die baie veranderlikes en die absolute standaard vir wat “reg” en “goed” en “waar” is.

Wie God se waardesisteem oortree, sal geen vrede hê nie en sal uiteindelik te staan kom voor God se regbank. Maar diegene wat God se waardesisteem gehoorsaam, sal 'n goeie gewete hê, sal vrede hê en sal in baie groter veiligheid leef. Hulle sal weet hoe God oor hulle dink en sal weet hoe hulle hul moet gedra teenoor ander mense.

Aanbidding.

*Laat elkeen in die kring 'n beurt kry om kortliks (met een of twee sinne) God te aanbid as die moreel Volmaakte!*

3	DEEL (20 minute)	[STILTETYE] HANDELINGE 15:1 – 18:17
---	------------------	--

**Maak beurte en deel/vertel kortliks (of lees van) jou notas wat jy geleer het uit een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes (Handelinge 15:1 – 18:17). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie bespreek wat hy deel nie.**

4	ONDERRIG (70 minute)	[HEERSKAPPY] DIE REGTE PRIORITEITE
---	----------------------	---------------------------------------

## A. PRIORITEITE

Wat behoort die prioriteite van 'n Christen te wees? Watter terreine van jou lewe is vir God die belangrikste? En wat sê God in die Bybel oor wat Hy op elke lewensterrein belangrik vind?

### 1. Wat is 'n prioriteit?

'n "Prioriteit" is 'n saak, taak of aktiwiteit wat belangriker is as 'n ander een en sodoende voorrang bo 'n ander een behoort te kry om gedoen te word.

### 2. Watter terreine in jou lewe vind God belangrik?

Die Bybel vertel duidelik watter terreine in jou lewe in God se oë belangrik is. Dit is: jou werk (studie), jou gesin, jou bediening in sy Koninkryk (jou taak in die gemeente en samelewing), jou eie ontwikkeling (persoonlikheid, karakter, gesondheid, sport, ontspanning, ens.) en jou persoonlike verhouding met God (jou geestelike groei).

Hierdie vyf terreine is almal belangrik. Daar is egter geen staande volgorde van belangrikheid vir hierdie vyf terreine nie. As Christen probeer jy elke dag sorg dat jy die korrekte prioriteit, aandag en tyd gee aan elkeen van hierdie belangrike lewensterreine.

### 3. Opdrag.

Ontdek self as jy hierdie studie lees: Wat beskou God as die belangrikste terreine in jou lewe?

Wat sou 'n hoë prioriteit moet wees in elkeen van hierdie belangrike terreine van jou lewe?

Lees die onderstaande Bybelverse en ontdek wat God oor prioriteite leer.

## B. DIE VYF BELANGRIKSTE TERREINE IN JOU LEWE

### 1. Jou werk.

(1) Wat is belangrik op die terrein van jou werk (studie, beroep)?

- **Lees** 2 Tessalonisense 3:10. Doen genoeg werk om jouself en jou gesin te onderhou.
- **Lees** 1 Timoteus 6:8. Wees tevrede met die noodsaaklike dinge, soos voedsel, kleding en huisvesting.

(2) Watter grense stel God vir jou werk?

Die Bybel sê dat ander belangrike terreine in jou lewe nie verwaarloos moet word deur te veel tyd en kragte te bestee aan jou werk nie.

- **Lees** Markus 8:36. Moenie dat jou siel skade ly deur jou hele lewe vir jou werk te gee nie!
- **Lees** Spreuke 23:4-5. Moenie jou afsloof om ryk te word nie. Beperk jouself in die hoeveelheid tyd en energie wat jy vir jou werk gee.

Maak tyd en energie los vir die ander belangrike terreine in jou lewe. Die ander terreine mag nie skade ly nie.

(3) Hoe raak jou verhouding met God jou werk?

- **Lees** Lukas 10:38-42. Stiltetyd. Maak tyd vir persoonlike omgang met God/Christus (stiltetyd) vóór jou werk. Moenie toelaat dat jou werk of enige ander aktiwiteit die oorsaak is dat jy geen tyd het om God se aangesig te soek en Hom te aanbid nie.
- **Lees** Eksodus 23:12; Levitikus 23:3; Markus 3:4. Die rusdag. Rus één dag per week van jou daaglikse werk, om verfris te word en asem te skep, om tyd te hê vir 'n gewyde samekoms met ander Christene en om goeie dade te verrig en siele vir Christus te wen.

- **Lees** Psalm 127:1-2. Afhanklikheid. Steun op God in jou werk en wees afhanklik van God vir wysheid, krag, invloed en resultate.
- **Lees** Spreuke 16:3; Kolossense 3:23. Motief. Doen jou werk van harte asof vir die Here en nie vir mense nie. Dan kan dit nie misluk nie.
- **Lees** Handeling 5:29. Prioriteit. Bewys die hoogste lojaliteit aan God in jou werk, al moet jy selfs die onregverdigde eise van jou baas met respek afwys.

(4) Wat is die verhouding van jou bediening tot jou werk?

- **Lees** Kolossense 3:22-4:1. Doen jou werk eerbaar en respekteer die gesag onder wie jy staan.
- **Lees** 1 Timoteus 3:7. Doen kwaliteitwerk en bou 'n goeie reputasie in jou werk op. Jy mag nie toelaat dat jou diens aan Jesus Christus tot gevolg het dat jy jou werk slordig doen nie. Jou diens vir God in die wêreld is nét so belangrik as jou diens vir God in die gemeente. 'n Goeie reputasie by jou werk is 'n voorwaarde vir (latere) leierskap in die gemeente.
- **Lees** Matteus 6:31-33. Bevorder God se Koninkryk en sy geregtigheid d.m.v. jou werk en by jou werkplek.

## 2. Jou gesin.

(1) Wat is belangrik in jou gesin?

- **Lees** Kolossense 3:18-21; (Efesiërs 5:22 - 6:4). Gesinsreëls. Sorg dat elkeen in jou gesin die gesinsreëls van God gehoorsaam.

(2) Wat sê jou verhouding met God vir jou verhouding met jou gesin?

- **Lees** Matteus 10:37. Prioriteit. Bewys altyd die grootste lojaliteit aan God in jou gesin, selfs bo jou lojaliteit teenoor jou dierbaarste gesinslede.

(3) Wat is die verhouding van jou werk tot jou gesin?

- **Lees** 2 Korintiërs 12:14; 1 Timoteüs 5:4,8. Werk om te voorsien in die ware behoeftes van jou gesin en naaste familielede (vrou, kinders, grootouers, ouers, enkellopende afhanklike lede, bv. 'n oom of tannie).

(4) Wat is die verhouding van jou bediening tot jou gesin?

- **Lees** Deuteronomium 6:5-7. Die Bybel moet 'n sentrale plek in jou gesin hê. Lees, bestudeer en bespreek die Bybel met mekaar. Pas die waarhede in julle lewens toe.
- **Lees** Efesiërs 5:22-33. Bou jou huweliksverhouding en wees 'n voorbeeld vir andere van liefde (vers 25) en aanvaarding van mekaar se gesag (vers 21).
- **Lees** Efesiërs 6:4. Voed jou kinders op in die onderwysing<sup>1</sup> en tereg wysings<sup>2</sup> van die Here, d.w.s. volgens die onderrig en gedissiplineerde toepassing van die waarhede in die Bybel.
- **Lees** Lukas 2:52. Ontwikkel al die belangrike lewensterreine (mentale, fisiese, geestelike en sosiale) van jou kinders.
- **Lees** Spreuke 23:22-25. Leer jou kinders gehoorsaamheid en respek, eerlikheid, praktiese wysheid en regverdigheid.
- **Lees** Markus 10:29-30. Prioriteit. Gehoorsaam Jesus Christus wanneer Hy jou roep, vir 'n kort of langer periode, om 'n taak te verrig.
- **Lees** 1 Timoteus 3:4-5,12. Prioriteit. Goeie leiding van jou gesin is belangriker as 'n leiersposisie in die gemeente!

## 3. Jou bediening.

(1) Wat is belangrik in jou bediening?

- **Lees** Markus 10:45. Volg Jesus deur 'n dienaar te wees. Die ware betekenis van die lewe is geleë in dien van ander mense namens Jesus Christus.

(2) Hoe raak jou bediening jou verhouding met God?

- **Lees** Johannes 15:5. Prioriteit. Ontwikkel jou persoonlike verhouding met Jesus Christus. Dit het groter prioriteit as die aktiwiteite in jou bediening, want sonder 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus kan daar geen ware of blywende vrug in jou bediening wees nie.

(3) Wat is belangrike bedienings binne die gemeente?

- **Lees** Johannes 4:23-24. Aanbid God deur die Gees en in waarheid.
- **Lees** Johannes 13:14-15. Dien God deur mense te dien, veral waar andere nie iets wil of kán doen nie.
- **Lees** Johannes 13:34-35. Ontwikkel verhoudings van liefde, omdat dit belangriker is as om net maar Christelike aktiwiteite en programme uit te voer.
- **Lees** Efesiërs 4:12-16. Maak dissipels en rus arbeiders toe. Maak al die Christene in jou gemeente dissipels van Jesus Christus (d.w.s. volwasse en funksionerende Christene) en rus hulle toe vir verskillende take om die Liggaam van Christus op te bou.

<sup>1</sup> Grieks: paideia = opvoeding, oefening, onderrig d.m.v. dissipline, tereg wysing (Greek English Lexicon of the New Testament by Bauer, Arndt and Gingrich)

<sup>2</sup> Grieks nouthesia = berisping, onderrig, waarskuwing. Letterlik: in jou verstand inprent!

(4) Wat is belangrike bedienings buite die gemeente?

- **Lees** 2 Korintiërs 2:14-16; 3:2-3. Invloed. Wees 'n persoon wat voortdurend 'n blywende positiewe invloed op mense rondom jou het: 'n aangename geur van Christus wat mense aantrek en 'n brief van Christus wat mense lees.
- **Lees** Matteus 10:32-33. Getuig. Getuig vir Christus, vertel mense van die evangelie en leer hulle die waarhede van die Bybel.
- **Lees** Jakobus 1:27; 2:15-17. Barmhartigheid. Neem deel aan liefdadigheidstake vir armes en verdruktes in jou buurt en in die wêreld.

#### 4. Jou persoonlike ontwikkeling.

(1) Wat is die belangrikste sake in jou persoonlike ontwikkeling?

- **Lees** Markus 8:34-38. Selfverloëning, neem elke dag jou kruis op en volg Jesus Christus.
- **Lees** Markus 12:31. Liefde. Groei in liefde vir God, vir andere en vir jouself. Jy moet jouself so liefhê soos Christus jou liefgehad het. As jy nie jouself liefhet nie, kan jy 'n ander persoon ook nie werklik liefhê nie! Jy is nie maar net deur God geskep nie, maar is na sy beeld geskep. Jy's nie maar sommer iemand nie, maar iemand wat kosbaar is in sy oë (Jesaja 43:4). Daarom wil Hy nie hê dat jy op jouself moet neersien nie, maar dat jy vir jouself respek sal hê as 'n skepping van God! Jy kan dit prakties doen deur jouself op verskillende lewensterreine te ontwikkel.
- **Lees** Psalm 101:3; 141:3-4. Bewaar jou oë, mond (jou woorde), hand (jou dae) en hart (jou gedagtes, gevoelens, keuses en besluite).

(2) Wat dra by tot jou persoonlike ontwikkeling en welsyn?

- **Lees** Psalm 16:2; 73:25. Geestelike welsyn. Buiten God het jy geen blywende 'goed' nie. Jy moet niks op aarde buiten God begeer nie.
- **Lees** 1 Timoteus 4:7-8. Geestelike welsyn. Die oefening in persoonlike toewyding aan God is belangriker as liggaamlike oefening (fiksheid, sport).
- **Lees** Efesiërs 5:2. Emosionele welsyn. Lewe in liefde.
- **Lees** Psalm 34:19. Emosionele welsyn. Laat God sorg vir jou gebrokenheid (emosionele pyn, swakhede, mislukkings, verliese) en die gevolge van 'n gebroke gesin (egskeiding van ouers of die dood van 'n ouer).
- **Lees** Spreuke 9:10. Mentale welsyn. Om God te leer ken en te vertrou is die begin van wysheid en insig.
- **Lees** Spreuke 3:5-6 (Efesiërs 5:10,17). Mentale welsyn. Toets of iets wáár is of nie. Probeer om te verstaan wat die wil van God is. Los alle negatiewe gedagtes deur God en andere lief te hê met jou hele denke (Markus 12:30-31).
- **Lees** 1 Korintiërs 6:19-20. Liggaamlike welsyn. Eer God met jou liggaam (gesondheid, fiksheid en voorkoms).
- **Lees** 1 Korintiërs 15:33. Sosiale welsyn. Vermyn slegte geselskap, omdat dit jou karakter bederf.
- **Lees** 1 Petrus 2:11. Morele welsyn. Gee nie toe aan sinlike begeertes omdat hulle jou lewe (letterlik: siel) verwoes. Breek met alle vorme van seksuele immoraliteit (pornografie, selfbevrediging, seks voor die huwelik, ens.).
- **Lees** Eksodus 31:3-5. Moontlikhede. Ontwikkel jou Godgegewe talente, geestelike gawes en kreatiwiteit.
- **Lees** Efesiërs 5:15-16 (Matteus 25:15). Geleenthede (uitdagings). Gebruik geleenthede (kansse) wat God jou gee baie goed.
- **Lees** Romeine 5:3-5 (Jakobus 1:2-4). Beproewings en lyding. Dit bou volharding, volwassenheid en karakter.

(3) Watter verhouding is daar tussen jou bediening en jou persoonlike ontwikkeling?

- **Lees** Lukas 16:10. Wie betroubaar en getrou is in die kleinste dinge, sal ook betroubaar en getrou wees in groot dinge.
- **Lees** 2 Korintiërs 10:18; Filippense 2:22. 'n Taak wat aan jou toevertrou is, word getoets. As jy die proef deurstaan, word jy deur die Here geprys (goedgekeur en aanbeveel).

(4) Watter verhouding is daar tussen jou werk en jou persoonlike ontwikkeling?

- **Lees** Spreuke 12:3. Onwankelbaar. Goddeloosheid en ongeregtheid (byvoorbeeld korrupsie) bring jou tot 'n val, maar wie die wil van die Here doen (byvoorbeeld eerlikheid) bly stewig staan.

(5) Watter verhouding is daar tussen jou familie en jou persoonlike ontwikkeling?

- **Lees** Spreuke 15:22; 19:20. Wysheid. Luister na raad van ouers en ander raadgevers. Dit maak jou wys en laat jou planne slaag.

#### 5. Jou persoonlike verhouding met God.

(1) Die belangrikste sake in jou persoonlike verhouding met God.

- **Lees** Johannes 15:5-8; Openbaring 2:4-5. Christus. Laat Christus die eerste plek in jou lewe inneem en bly in Hom. So sal jy vrugte dra wat ewig sal hou. Alle ander dinge vergaan!
- **Lees** Kolossense 2:6-7. Gehoorsaamheid. Maak Jesus Christus die Here (Koning en Baas) van jou lewe. Leef as 'n Christen. Groei as 'n Christen: "in Hom gewortel (onsigbaar) en op Hom gebou (sigbaar)".
- **Lees** Kolossense 3:16; Matteus 7:24-27. Woord. Laat jou hart en lewe vol wees van die woorde in die Bybel (NAV die boodskap van Christus). Lees die hele Bybel eenmaal per jaar. Dink elke dag gedurende jou stiltetyd ná

oor 'n Bybelvers. Memoriseer gereeld 'n Bybelvers. Gee baie aandag en tyd aan Bybelstudie. Neem elke jaar deel aan 'n Bybelstudie- of dissipelskap groep. Pas die woorde in die Bybel toe op jou eie lewe. Gee die waarhede in die Bybel deur aan ander mense.

- **Lees** Matteus 7:7-8. Gebed. Vra spesifieke dinge vir God. Bid in ooreenstemming met die Bybel. Bly aanhoudend vra (1 Tessalonisense 5:17) (bly klop aan die deur).
- **Lees** Hebreërs 10:24-25. Gemeenskap. Vergader gereeld saam met ander christene. Ontmoet mekaar weekliks in 'n erediens. Kom weekliks in 'n klein groepie saam om te leer en mekaar op te bou. Moedig mekaar aan om nie sommer weg te bly nie, maar juis te kom wanneer jy nie so voel nie. Spoor mekaar aan om lief te hê en goed te doen.
- **Lees** Johannes 15:16. Dra vrug vir Christus. Jesus het jou uitgekies en aangestel om inisiatief te neem en vrug te dra in ander mense se lewens – deur die evangelie met hulle te deel, deur hulle op te bou tot dissipels (volwasse en funksionerende Christene) en deur hulle karakter te vorm.


### C. GOD IS DIE HOOGSTE PRIORITEIT OP ELKE TERREIN VAN DIE LEWE

**Lees** Matteus 4:10. “Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien”. Al die bogenoemde Bybelgedeeltes toon aan dat God in die middelpunt van elke terrein van jou lewe moet wees! Hy is die hoogste prioriteit op elke lewensterrein!

Die Bybel sê ook dat alleen God die korrekte volgorde van al die ander terreine *vir elke dag* van jou lewe wil bepaal. Want Hý weet wat vir jou die beste is! In sommige situasies, byvoorbeeld, mag God bepaal dat jou (skool-) werk belangriker is as 'n aktiwiteit in die gemeente. En in ander situasies mag Hy bepaal dat jou persoonlike ontwikkeling belangriker is as jou (skool-)werk. Maar God wil ook nie dat jy ál jou tyd aan jou skool of jou werk of jou ontwikkeling bestee en sodoende ander belangrike terreine in jou lewe heeltemal verwaarloos nie! Die ander terreine is ook belangrik!

Daar is alleen maar één konstante hoogste prioriteit: GOD Self! Hy behoort *elke dag* boaan jou prioriteitslys te staan! Hy Sêlf wil elke dag vir jou bepaal wat jy *daardie dag* hoog op jou prioriteitslys moet plaas op elkeen van die vyf belangrike terreine van jou lewe. Daarom mag geen mensgemaakte prioriteitslys bepaal waaraan jy jou lewe, tyd en energie moet wy nie. Dit is GOD Sêlf wat in elke situasie bepaal waaraan jy jou lewe, tyd en energie behoort te wy. Hy wil jou lewe beheer en jou voortdurend lei deur sy Woord en die Heilige Gees wat in jou woon.

**God is die soewereine Koning van elke terrein van jou lewe! Laat God elke dag vir jou duidelik uitwys wat Hy wil waaraan jy jou lewe, tyd en energie sal gee!**



### D. DAAR IS 'N TYD VIR ALLES

Die belangrike vraag is: Hoe kan jy 'n goeie balans vind tussen hierdie vyf belangrike terreine (prioriteite) in jou lewe?

(1) Hoe kyk God na al jou aktiwiteite en tyd?

- **Lees** Prediker 3:1-8, 8:5-6. Daar is 'n tyd vir alles! Sorg dat jy aan alle belangrike terreine van jou lewe op die regte tyd voldoende aandag gee! Gee elke dag ook tyd aan minder belangrike sake, wat dringend jou aandag vra.

(2) Wat leer God jou oor die afhandeling van jou taak?

- **Lees** Handeling 20:24; 2 Timoteus 4:7. Paulus het die taak wat God hom gegee het voltooi.
- **Lees** Markus 13:34; 1 Korintiërs 3:5; Kolossense 4:17. Christene. God gee aan elke Christen ook 'n taak en 24 uur per dag om dit uit te voer. Hoe kan dit gedoen word?
- **Lees** Markus 1:32-39; Johannes 17:4. Jesus. Hoewel Jesus nie alle siekes op aarde gesond gemaak het nie en ook nie die evangelie aan alle mense in die wêreld verkondig het nie, het Hy tog sy taak wat God Hom opgelê het volledig vervul.

(3) Hoe het Jesus dit gedoen?

Jesus Christus het geen lys met vasgestelde aktiwiteite en prioriteite gehad, wat Hy elke dag moes doen nie. Soos sy gewoonte was om te doen, het Hy elke oggend biddend gewag op God se instruksies en krag om hierdie instruksies uit te voer. In sy daaglikse omgang met God het Hy God se wil leer ken en onderskei tussen sake wat dringend is en sake wat uiters belangrik was. S6 kon Hy die dringende sake afweer ten einde die belangrike sake af te handel.

(4) Hoe kan God jou help om jou prioriteite te bepaal?

Hoe kan God jou help om die juiste hoeveelheid tyd en energie aan die belangrike sake in die lewe te gee en die korrekte balans tussen al hierdie belangrike sake te vind?

- **Lees** Handeling 22:10; Psalm 32:8. Bid aan die begin van elke dag hiervoor.
- **Lees** Jesaja 30:1-2; Spreuke 3:5-6; 16:3. Betrek God by alles wat jy doen.
- **Lees** Kolossense 3:23. "Wat julle ook al doen, doen dit van harte, soos vir die Here en nie vir mense nie."

5	GEBED (8 minute)	[REAKSIE] BID IN ANTWOORD OP DIE WOORD VAN GOD
---	------------------	---

**Maak beurte** in die groep om **met 'n kort gebed (van een of twee sinne) tot God te bid** in antwoord op wat jy vandag geleer het. Of, verdeel die groep in groepies van twee en drie persone en bid met mekaar vir mekaar (Romeine 15:30; Kolossense 4:12)

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
---	--------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit op 'n stukkie papier of laat die groepslede dit uitskryf.

1. **Toewyding.** Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die studie oor die regte prioriteite met iemand anders of met 'n klein groepie mense.
2. **Persoonlike tyd met God.** Hou elke dag stiltetyd uit ongeveer 'n halwe hoofstuk van Handeling 18:18 – 21:40. Maak gebruik van die gunsteling waarheid metode. Maak aantekeninge.
3. **Bybelstudie.** Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. (4) Efesi6rs 5:22-33. Tema. Die verhouding met jou eggenoot. Maak gebruik van die vyf stappe metode. Maak aantekeninge.
4. **Gebed.** Bid vir iemand of iets spesifieks hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. **Hou jou notas op datum.** Sluit die notas oor aanbidding, stiltetyd, onderrig asook hierdie voorbereiding daarby in